**Skriflesing:** Kolossense 3:1-4
**Tema:** Ons moet hemel aarde toe bring.

Ek begin met 3 vrae:
1. Wat glo ons oor die hemelvaart?
Ons bely in die Apostoliese geloofsbelydenis dat ons glo in Christus wat op die derde dag opgestaan het uit die dode, opgevaar na hemel, sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader vanwaar Hy weer sal kom om te oordeel oor lewendes en dooies.
Van die regterhand van sy Vader heers Hy oor elke sentimeter van sy skepping.

2. Wat moet ons as nuwe mense in die tussentyd doen?
Christus het opgevaar hemel toe. Hy is nie meer fisies en sigbaar op aarde teenwoordig nie. Nou moet ons hemel aarde toe bring. As sy verteenwoordigers moet ek en jy vandag Christus sigbaar maak.

3. Hoe doen ons dit?
Ons fokus op en doen die dinge wat vir Christus belangrik is.

**1. Ons streef na dinge daarbo waar Christus aan die regterhand van God sit en regeer.**

Terwyl Christus op aarde was, het iets van sy koningskap sigbaar geword. Hy het mag gehad oor die skepping. Hy loop op die see, bestraf die wind, dryf bose geeste uit en siekte en dood wyk voor Hom.
Die dood kon Hom nie vashou nie. Hy het opgestaan, opgevaar en sit aan die regterhand van God vanwaar Hy regeer.

En Hy maak van my en jou konings, wat saam met Hom regeer.

Soos 'n koning moet stry teen vyande en hulle oorwin om sodoende sy onderdane te beskerm en vrede in sy land te hê, so moet elke Christen veg en stry teen sonde en die duiwel vir ons koning se saak.

Ons is in ‘n werklike stryd. Lees daarvan in Efes 6:10-13:
“10 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.
12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.”

Natuurlik hou die duiwel glad nie van Christene wat as Konings saam met Christus regeer nie. Hy wil graag ons koninklike roeping in onbruik laat verval. Hy wil dat ons saam met die stroom dryf en alles stilswyend aanvaar, want dan sal sy chaos en wanorde heers.

In die krag van die Here moet en kan ons regeer oor ons eie sondes en regeer en stry teen die sondes daar buite.
In Johannes 8 leer die Here vir ons dat ‘n Christen nie klippe gooi nie, want ons doen ook steeds sonde.
Maar ons kan nooit stilbly as sonde maar net toegelaat en goedgekeur word nie.
Ons is immers Protestante. Ons protesteer teen dit wat verkeerd is en nog belangriker, vir dit wat reg is.

Ons verdedig wat aan Christus behoort met alle mag. En ons verower vir Hom nuwe gebied. Met sy wapenrusting aan is ons rug nie beskerm nie. Met ander woorde, Christene hardloop nie veg nie. Ons beweeg vorentoe in die stryd tot sy eer en tot die uitbreiding van sy Koninkryk.

Hierdie stryd wat ons stry, is nie ‘n stryd waarin ons ander seermaak, vermink of doodmaak nie. Ons lees in Romeine 12:21 dat ons ons nie deur die kwaad moet laat oorwin nie, maar ons moet die die kwaad deur die goeie moet oorwin.
Ons stry ‘n stryd vir lewe in liefde sodat die wêreld kan sien dat, en hoe, ons Koning regeer.

**Ons regeer ook, namens die Here, oor die skepping.**
Ons lees in Genesis 1:26-28 dat God ons sy verteenwoordigers maak om te heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.

**Om saam met Christus te regeer en so hemel aarde toe te bring moet ons ons**
**2. Gedagtes rig op dinge wat vir ons Koning belangrik is.**

Ons moet op hemelse dinge fokus sodat ons anders met aardse dinge kan besig wees.
Ons moet geestelike dinge bedink, sodat ons anders, nuut en met nuwe hemelse waardes, in hierdie wêreld leef.
In Romeine 12:2 lees ons ook hiervan: “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”

Watter dinge is vir Christus belangrik?
Hy antwoord dié vraag self in geen onduidelike taal in Matteus 22:37-40: (uit die Boodskap)
“Jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy is en het. Niks in jou lewe mag vir jou so belangrik soos God wees nie. Hierdie opdrag staan bo-aan die lys.
Maar daar is ‘n tweede opdrag wat langs die eerste een op die lys staan. Jy moet ander mense so liefhê asof hulle jyself is. Hierdie twee opdragte vorm die pilare waarop alles rus waarvan ons in die Bybel lees.”

Dit is waarmee ons as sy kerk nou moet besig wees. Ons moet namens ons Koning regeer terwyl ons soos Hy liefhê.

Wanneer die liefde van God sigbaar word in ons liefde vir God en vir mekaar bring ons die hemel aarde toe. Dan gaan die wêreld nie vra waar Christus is nie, want deur ons word ons Koning sigbaar.

Ek sluit af met van die woorde van Ignatius van Antiochië wat in die eerste eeu na Christus geleef het. Op een of twee plekke het ek sy woorde so bietjie aangepas om by hierdie boodskap te pas:
"Swoeg saam met mekaar, stry saam, hardloop saam, ly saam, lê saam neer, staan saam op, as God se verteenwoordigers en dienaars. Behaag die Koning in wie se leër julle dien, van wie julle ook julle loon sal ontvang.
Laat niemand van julle 'n droster bevind word nie.
Laat julle doop by julle bly as julle skild; julle geloof as julle helm; julle liefde as julle spies; julle geduld as julle liggaamswapenrusting. Laat in julle werke ons Koning sigbaar word.”
Amen